

KOMMUNIKAMMA



Teks vir die Week:

Hebreërs 4:16 "Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word. "

Sake vir GEBED:

- * Frans Schmidt is oorlede. Bid vir Myra, familie en vriende.
- * Lynette Botha is oorlede. Haar troosdiens is môre 11:00 in die kerksaal. Bid vir Hennie, familie en vriende.
- * Bid vir Rykie du Toit en Roenel Nel met die afsterwe van hulle vader, Hennie van der Spuy.
- * Bid vir Peet Viljoen wat steeds in die hospitaal is en sukkel met sy gesondheid. Bid vir sy vrou Annie en hul dogters.
- * Dra ook vir Juliet Mc Kenzie wat steeds erge rugprobleme ondervind, aan die Here op.
- * Bid dat ons as gemeentelede dit wat ons in die 7 Weke Reeks bespreek, prakties in ons lewens sal uitleef.
- * Bid vir 'n afname in bendegeweld in ons stad en die res van ons land. Ons glo dat die Here ons gebede sal verhoor.
- * Kom ons volhard in gebed vir die droogte geteisterde dele in ons land. Mag die Here mens, dier en gewas genadig wees.
- * Bid die Here se seën oor die voltooiing van die verandering van die kerkgebou.
- * Hierdie maand is vrouemaand. Bid vir vroue en dank die Here vir die groot rol wat vroue in die gesin, gemeente en gemeenskap speel.
- * Bid vir die grondhervormingskwessie. 'n Skrywe oor die NG Kerk en grondhervorming wat ons al meer as 'n jaar agelede beskikbaar gestel het, is weer in die voorportaal beskikbaar.

Hierdie week se gebedsversoek is vir Christene in Sjina:

- * Bid saam met Christene in Sjina dat hulle staande sal bly te midde van strenger godsdiensbeperkings en om effektief deel te neem aan kruiskulturele sendings.

SONDAG 4 AUGUSTUS 2019

08:30 Eietydse diens in saal

09:45 Kategese

10:00 Klassieke diens in saal

Deurdankoffer vir Huis Louisa Meyburgh

Teebeurt vandag: Kappertjie sel

Geen teebeurt 11 Aug as gevolg van langnaweek

MAANDAG 5 AUGUSTUS

09:30 Biduur Kku.

12:45 Gebedskild in gebedskamer.

17:30 Musiekbediening diensterrein by MG se pastorie.

18:30 ViA kuieraand in kerksaal

Ons nooi alle vroue uit om saam te kuier en 'n koppie sop en broodjie te geniet.

Prediker 3: Gebruik tyd om

*God te dien

*God se taak vir jou, te doen

*Die lewe te geniet en vreugde te vind.

DINSDAG 6 AUGUSTUS

11:00 Diens Stella Londt.

19:00 Leef@kerk.

VRYDAG 9 AUGUSTUS

Geen mannebyeenkoms.

Eredienste Sondag 11 en 18 Augustus

Die volgende 2 Sondae het ons gesamentlike dienste wat om 09:00 begin.

Sondag 18 Augustus vier ons nagmaal in die eietydse diens.

MTR SMIT EN CMR

Die NPO's het hierdie week hul subsidies ontvang.

Baie dankie vir elkeen se bydrae wat die afgelope paar weke gehelp het om die wiele aan die rol te hou.

KOM DIEN DIE HERE MET JOU GAWES

Ons het mense nodig as kerkraadslede en om te kom help by die diensterreine. Kontak enige dominee indien die Here jou lei om te kom dien met jou gawes.

ALGOA GEMEENSKAPSKERK BYBELPROJEK

Algoa Gemeenskapskerk het 'n Bybelprojek waar hulle tweedehandse Bybels aan minderbevoorregte mense, kinders by Laerskool Piet Retief en aan die jeug van die gemeente wil uitdeel.

Indien jy Bybels in jou huis het wat jy nie gebruik nie, of 'n donasie wil maak, kan jy dit by die kerkkantoor inhandig.

There4-Bedienege nooi jou uit

om kaartjies van bemoediging te maak vir ons boeties en sussies in Egipte. **Saterdag 17 Aug '19** vanaf 10 tot 12 en **Dinsdag 20 Aug '19** vanaf 10 tot 12.

Kontak gerus die kantoor op 041 360 1946 of vir Melissa op 071 361 8780 indien jy belangstel.

NG KERK PATMOS BIED AAN: "Donkie" met Frank Opperman

Hierdie keer is Frank Opperman 'n skoolhoof met die bynaam "Donkie" wat die wind van voor kry.

Datum: Vrydag 30 Augustus 2019

Tyd: 18:30 vir 19:00

Plek: Goldfields Ouditorium, Noordkampus, NMU.

Kaartjies: Kaartjies kos R120.00 per persoon en is by Westway kafee (www.westway.co.za) of Elizna (083 258 9860) of Leana (083 567 3133) beskikbaar.

Daar is ook kaartjies by Kraggakamma kerkkantoor beskikbaar.

NOODSPENS

Ons gemeente se noodspens is dolleeg en daar is 'n groot behoefte aan nie-bederfbare produkte.

NUWE LIDMATE

Baie welkom by ons. Vul asb die groen vorm in die voorportaal in en plaas dit in die klein houtkissie by die vorms in die voorportaal. U kan ook die **vorm vir nuwe intrekkers** aflaai en dan voltooi. Ons sal u so gou moontlik kontak.

Teken gerus in op ons e-nuusbrief by:

kuberkamma@ngkraggakamma.co.za

Nog inligting oor ons gemeente is beskikbaar op ons webwerf: www.ngkraggakamma.co.za.

7 WEKE REEKS VIR KLEINGROEPE: 22 Julie – 8 Sept

7 Weke is 'n geleentheid vir vriende, families en elkeen individueel om intensioneel rondom een tema voor die Here stil te word. Die tema hierdie jaar is "Met Ritmes vir die Lewe". Almal is welkom. Ons moedig jou aan om 'n paar mense bymekaar te kry en jouself te verbind vir 7 weke. Bid saam met ons. Boekies is beskikbaar teen R20-00 per boekie.

ASEMSKEP HUWELIKSVERRYKINGSNAWEEK

Die Kamp vir egpare vind plaas op 4-6 Oktober by Eersterivier.

Ds Jan Coetzee en sy vrou, Elbi, wat by Sionsrand gemeente was, gaan die naweek lei.

Kontak Sonja (084 703 2992) of Roenel (083 388 5357) per sms of watts app indien julle wil deel wees van hierdie kamp. Indien jy wil help met die reëlings, kontak vir Sonja.

Verblyf: Eie verblyf. Daar is plek in die sentrum vir 7 pare, asook vir 4 tente/karavane op die gronde teen

R85 per persoon per nag. Daar is ook verskeie huise beskikbaar wat julle kan huur vir die naweek. Kry 'n paar vriende saam en deel 'n huis.

Kamp koste: R200 met bespreking van julle as paar en R200 teen 25 September 2019.

Gee asb 'n e-pos adres wanneer jul plek bespreek.

KERSMARK 8 – 9 NOVEMBER

Kraggakamma gemeente bied hierdie jaar 'n kersmark aan. Indien jy 'n stalletjie wil hê by die mark, kontak Niekie of die kerkkantoor vir inligting.

Ons is ook op soek na lidmate wat sal help bak, kosmaak en verkoop tydens die kersmark.

Kontak die kerkkantoor indien jy wil help.

KURSUSSE INLIGTING

"Freedom in Christ" (Donderdagaande van 15 Augustus – 7 November 2019) en "Griefshare" (Donderdagaande van 15 Augustus – 21 November 2019) kursusse word aangebied by NG Kerk Lorraine. God wil hê dat ons 'n lewe van volheid moet beleef. Die vyand, Satan, probeer hierdie volheid steel met leuens. Sukkel jy om hierdie volheid te beleef? Sukkel jy om sonde te oorwin? Wil jy geestelik groei? "Freedom in Christ" 'n opvolg kursus na die suksesvolle Alpha kursus, is die ideale kursus wat jou leer hoe om permanent hierdie oorwinning in Christus te leef.

Om iemand aan die dood af te staan is moeilik en pynlik. Die "Griefshare" bediening is 'n omgee bediening wat deur mense gelei word wat jou pyn en hartseer verstaan.

Vir meer inligting kontak Hannalize Loubser by Tel/Faks: 041-3672284 in die oggend of e-pos haar by ngklorraine@isat.co.za.

There4-Bedienege reis na Egipte

12 Dames besoek in September Egipte om vrouens wat in vervolging lewe te gaan bemoedig en na hulle harte te luister.

Ons benodig tans : Bedsokkies, "pocket tissues", "shower gel" vir mans, luukse sepies en handeroompies, bv Oh so heavenly.

Ons wil ook Bybels in die hande plaas van nuwe gelowiges @ R150 per Bybel.

Kontak asb ons kantoor vir verdere inligting: 041 360 1946.



Gebruik SnapScan en betaal jou:
Dankoffer
Maandelikse Bydrae
Donasie, ens..